LEES BINNE	
Gemeentenuus	2
Rentmeesterskap	3
Woekerhoekie	
Reseptehoekie	4
Fokus op die Huwelik	5
Gebedsaksie	6
Advertensies	7
Mosambiek-nuus	8-9
Kinderblad	10
Kopkrapper	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self iets skryf?
Bydraes vir Desember 2019 moet Kerkkantoor voor 12:00 op Ma., 9/12/19 bereik asb.

'n Gedeelte uit Francis Chan se boek "Crazy Love"
Ook deel van Bybelstudie op die Youversion Bybel-App

"Verspotte Liefde"

As jy enigsins al tyd in 'n kerk spandeer het, sou jy al die uitdrukking op een of ander manier gehoor het-die idee dat God ons liefhet. Die probleem wat ek hiermee gehad het, was dat dit 'n konsep was wat vir my geleer is en nie iets wat ek spesifiek geweet het waar is nie. Jare lank het ek die "idee" van God se liefde in my kop gehad, die regte antwoorde op vrae gehad, maar dit nie ten volle in my hart verstaan nie.

Ek dink nie ek is die enigste persoon wat God se liefde mis verstaan het nie. Die meeste mense, tot 'n mindere of meerdere mate, vind dit moeilik om die konsep van God se oneindige liefde vir ons te verstaan, te glo en te aanvaar.

Gelukkig het my verhouding met God 'n groot verandering ondergaan toe ek 'n pa geword het. Na my oudste dogter se geboorte het ek agtergekom hoe verkeerd my gedagtes oor God was. Vir die eerste keer het ek begin ervaar wat God moontlik vir my voel. Ek het dikwels aan my dogter gedink. Ek het vir haar gebid terwyl sy slaap. Ek het haar foto aan almal gewys. Ek wou haar die wêreld gee.

My liefde vir my kinders en my begeerte dat hulle my sal liefhê, het my laat sien hoe lief God ons het en hoeveel Hy begeer dat ons hom sal liefhê. Die maniere waarop my dogter vir my wys dat sy my liefhet en haar begeerte om by my te wees, is die wonderlikste ding op aarde. Niks kan daarmee vergelyk word nie.

Hierdie ervaring het my gehelp om te verstaan dat my begeerte vir my kinders se liefde maar net 'n dowwe beeld is van God se groot liefde vir my en elke ander persoon wat hy geskape het. Ek is maar net 'n sondige, aardse vader wat my kinders baie liefhet. Hoe is dit moontlik dat ek nie 'n perfekte, hemelse Vader kan vertrou wat my oneindig meer liefhet as wat ek ooit my kinders sal liefhê nie?

*Glo jy in God se groot liefde vir jou as persoon? Wat kan jy doen om hierdie kennis van jou kop na jou hart te laat gaan?

Wat's Nuus??

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. *WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ….. OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).*

BERG 80 VERJ: DESEMBER & JANUARIE 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Baie geluk & vele seën

JES. 46:4 "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

Rassie	Erasmus	84	12/04
Roelf	Le Roux	88	12/05
Andre	Jooste	89	12/07
Emmie	Pienaar	83	12/08
Lorna	Strauss	83	12/08
Bobbie	Dippenaar	89	12/10
Martin	Van Heerden	81	12/11
Esteen	Terblanche	79	12/13
Louis	Minnie	83	12/18
Noreen	Le Roux	90	12/19
David	Roux	84	12/19
Dillie	Van Deventer	84	12/23
Christina	Van Den Heever	85	12/30

Santie	De Kock	79	01/01
Eljoma	Phillips	79	01/01
Elbie	Nieuwoudt	90	01/04
Wilhelmina	Blignaut	79	01/06
Martie	Goldie	88	01/09
Pieter	Pretorius	79	01/12
Daneta	Baard	89	01/14
Hester	Huysamen	81	01/14
Kitty	Louw	80	01/16
Miems	Botha	82	01/23
Pieter	Esterhuyse	83	01/24
David	Krüger	81	01/25
Marjorie	Claassens	90	01/26
Marie	Van Der Westhuizen	79	01/26
Jean	Nell	80	01/28
Willem	Dippenaar	84	01/30
Jacobus	Huysamen	80	01/31

Kinderkerk (Dinamiet Kiedz) het Sondag, 24 November hul laaste amptelike byeenkoms gehad. Daar was heerlik saam Kersliedere gesing, saam Bybel gelees en Nagmaal gehou. Die laaste kuiertjie is 'n vrolike afskeidspiekniek saam met die ouers op 4 Desember.

Dankie vir elke liewe skoenboks wat geskenk is vir die Boks vir 'n Boervrou Projek asook die Skryfbehoeftes Projek vir Blouvlei, 'n klein skooltjie in Wellington, waar twee van ons gemeentelede se kinders betrokke is en 'n groot verskil maak.

Rentmeesterskap

Filippense 4:17-19

Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Betaalwyses vir alle bydraes

- Inbetaling by kerkkantoor (kaartfasiliteit ook nou beskikbaar)
- M.b.v. dienswerker
- Aftrekorder (reël self by bank)
- EFT

Oorweeg dit asb. ernstig om bydraes met debietorders te maak. Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar.

Bankbesonderhede
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank
ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:
Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing:
Naam, wyk– of satellietnommer
Waarvoor bv. dankoffer, voedselfees

Jy kan ook die ZAPPER selfoontoepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir inligting of navrae: 021 853 5991 of fin@lourensrivier.co.za

Dankoffer Geleenthede

Nagmaal
Februarie; Mei; Augustus; November

Tiende: Oktober

Woekerhoekie:

Anna se Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85
Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook 'n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende groottes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.
Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.

Vir pryslys, kontak Kerkkantoor @ 021 853 5991

RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Nuwe moderne plekaanwysers om jou kerstafel mee te versier
Verf ou kersballe of polistireenballe (of by skryfbehoeftewinkels te kry) met swartbordverf.
Laat dit droog word en skryf die gas se naam met wit bordkryt of 'n wit pen daarop.
BRON: https://reviewonline.co.za/56653/maak-kerfees-onvergeetlik-met-hierdie-wenke/

KERSFEES KOM, KERSFEES KOM...♫

KLEIN KOFFIE VRUGTEKOEKIES VIR KERSFEES

500 g vrugtekoekmengsel
1 koppie koekmeel
2 teelepels bakpoeier
1/4 teelepel sout
1/2 koppie sjokolade stukkies (Chocolate chips)
1 koppie baie sterk koffie aangemaak (poeier en water saam 250 ml)
Rooi en groen kersies (optioneel)
Plaas die vrugtemengsel in 'n bak en gooi die koffie oor en laat staan 2 tot 3 ure.
Voorverhit die oond op 170 ºC
Sit in kolwyntjie pan die "cupcakes cases"
In aparte bak, koekmeel, bakpoeier en sout en meng baie goed.
Voeg nou die droe bestanddele by die vrugtekoekmengsel en meng goed, sit die sjokolade stukkies in en meng baie goed deur.
Skep in kolwyntjie "cupcake cases"
Plaas op elkeen 1 kersie in die middel.
Bak vir 25- 30 min
12 gewone kolwyntjies of klein pannetjie, 21.

Nota:
Verdubbel resep vir 24 koekies
Jy kan ook 1 k rooi kersies fyn sny en byvoeg asook 1 k neute fyngekap.
As dit uit die oond kom kan jy 1 teelepel brandewyn oor elke cupcake gooi😊

Resep en foto: Meisie van der Colff

ROOI FLUWEEL KRAKERIGE KOEKIES VIR KERSFEES

(Maak ongeveer 24 koekies)
60g Wit Sjokolade
1 ¼ k Koekmeel
2 e onversoete Kakao Poeier
1 t Bakpoeier
¼ t Sout
2 groot Eiers
3 e Olie
1 ½ t Rooi Koskleursel
¾ k Strooisuiker
1 k Versiersuiker

Plaas die sjokolade in 'n mikrogolf-vaste bak en verhit vir 30 sekondes op 'n slag in die mikrogolf, roer tussenin, tot glad.
Sif die meel, kakao, bakpoeier en sout in 'n aparte bak en sit eenkant.
Klits die eiers, olie en koskleursel in 'n grootbak.
Voeg die strooisuiker stadig by terwyl jy klits en dan die sjokolade tot mengsel glad en goed vermeng is.
Meng die meelmengsel in die eiermengsel met 'n houtlepel tot 'n stywe deeg vorm.
Sit die deeg in 'n stuk kleefplastiek en sit in yskas vir ten minste 2 ure of oornag.
Sit die oondrakke op die boonste en onderste derdes van die oond en voorverhit tot 150'C.

Sit die versiersuiker in 'n bakkie.
Rol eetlepels vol van die deeg in balletjies, rol in die versiersuiker en druk die balletjies effe plat voor jy dit nog 'n keer in die versiersuiker druk.
Rangskik die koekies op twee gesmeerde bakplate.

Bak in oond vir 16-18 minute tot gepof en ferm.
Halfpad deur die bakproses, ruil die twee panne om. Laat dit heeltemal afkoel op die bakplate voor jy dit afhaal en verpak in lugdigte houers.

Bron: Food Network Magazine December 2014
LekkerResepte vir die Jongergeslag
http://lekkerreseptevirdiejongergeslag.blogspot.com/2014/12/kersfees-koekies-sonia.html

FOKUS OP DIE HUWELIK

Vraag: "'n Huwelik wat hou – wat is die geheim?"

Antwoord: Die Apostel Paulus vertel ons dat die vrou "gebind" is aan haar man vir solank as wat hy lewe (Rom. 7:2).

Die beginsel is dat, of die man of die vrou, dood moet gaan alvorens die huwelik ontbind. Hierdie is ook God se opdrag, maar in die hedendaagse moderne wêreld is egskeiding alreeds meer as 51%. Dit beteken dan helfte van die paartjies wat belowe het "solank as wat ons lewe" hierdie belofte verbreek het.

Wat kan 'n getroude paartjie doen om hulle huwelik te bewaar? Die eerste en mees belangrikste aspek is om onderdanig te wees aan God en Sy Woord (Bybel). Dit is 'n beginsel wat voor die troue al in plek moet wees. God sê, "Sal twee saamloop as hulle dit nie afgespreek het nie?" (Amos 33).

Vir die wedergebore Christen beteken dit om nie 'n noue verhouding aan te knoop met iemand wat nie 'n gelowige is nie. "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis?" (2 Kor. 6:14). Indien hierdie beginsel gevolg word sal dit sekerlik baie hartseer en lyding verhoed.

Nog 'n beginsel wat die huwelik sal beskerm is dat die man God onderdanig en gehoorsaam moet wees, hy moet ook sy vrou lief te hê, haar respekteer en beskerm soos sy eie liggaam (Ef. 5:25-31). Netso moet die vrou ook God gehoorsaam en haar self onderwerp aan haar man "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is" (Ef. 5:22). Die huwelik is net soos die verhouding tussen Jesus Christus en Sy kerk. Christus het Homself aan die kerk gegee, Hy het die kerk lief, Hy seën en beskerm die kerk as Sy bruid (Op. 19:7-9).

Toe God vir Adam en Eva in die eerste huwelik gebring het was sy gemaak van Adam se "vlees en been" (Gen. 2:21) en het hulle een vlees geword (Gen. 2:23-24). Om een vlees te wees beteken baie meer as net 'n fisiese verbintenis. Dit beteken die verbintenis van gedagtes en siel om 'n eenheid te vorm.

Die verhouding gaan baie verder as sensuele en emosionele gevoelens en vorder tot 'n geestelike "eenheid" wat alleenlik gevind kan word wanneer beide partye hulle aan God onderwerp het asook aan mekaar.

Die verhouding konsentreer nie op "ek en my" nie maar op "ons en jou". Dié is een van die geheime wat sal lei tot 'n suksesvolle huwelik.

Om die troue te laat voortbestaan tot die dood is iets wat paartjies moet nastreef en sien as 'n prioriteit.

Vaswording in ons vertikale verhouding met God verseker 'n blywende horisontale verhouding met ons eggenoot en bring dit eer aan God.

Bron:
https://www.gotquestions.org/Afrikaans/huwelik-wat-hou.html

GEBEDSAKSIE VIR DESEMBER 2019
ONDERWERP: JESUS SE GEBOORTE EN IMPAK OP ONS LEWENS

Die woord "dankbaarheid" het baie betekenisse en menslike interpretasies. Dankbaarheid gaan heel dikwels met emosionele omstandighede gepaard. Mense is dankbaar vir baie goed in hul lewe en hoor jy "ek het nog baie om voor dankbaar te wees". Die vraag is egter…. Leef ek en jy dankbaarheid? Want dankbaarheid is gewis 'n werkwoord in hoofletters! Daarom is dankbaarheid en gebed sinoniem met mekaar... die een kan nie sonder die ander nie.
Dankbaarheid word 'n werkwoord wanneer jy 'n persoonlike verhouding met jou Skepper het en wanneer jy deur hierdie verhouding in gehoorsaamheid, dankbaarheid gaan uitleef!
Dankbaarheid word 'n werkwoord wanneer jy ongeag omstandighede en wêreldse rebelsheid en invloed, nog steeds weet in Wie jy geanker is en Wie in beheer is van jou daaglikse wandel.
Dit is die wete om te besef Jesus is die EK IS. Daar is verseker geen groter dankbaarheid as om te weet dat jy die Ewige Lewe het en dat jou naam in die Boek van die Lewe geskryf staan. Dit is om verder as die hier en die nou te sien en te ervaar, want die hier en nou is slegs 'n oogknip in vergelyking met wat op ons wag in die Ewigheid. Gaan leef dankbaarheid omdat jy weet dat wanneer jy eendag voor God se troon gaan staan, jy die oorwinnaarskroon gaan ontvang.
Dit is daarom dat Paulus in Kolossense 2:6-7 die volgende met volle oortuiging kon skryf "Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul"

GEBEDE:

1-7 Des. (1 Kor 10:13)
Ons dank God dat Hy getrou is en nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat ons die versoeking kan weerstaan.

8-14 Des. In Jos 1:7-9 staan ons moet in verbintenis met God leef, volgens Sy voorskrifte en nie daarvan afwyk nie, dan sal ons slaag in wat ons doen en voorspoedig wees. God self gee die opdrag: “Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

15-21 Des. Dankie Here. Ons bid dankbaar in die komende Kersfeesweek 1 Joh 4:9-10 “Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.” Daarom sing ons: “Die Lig kom na die wêreld in Jesus Christus, Heer. Uit liefde vir die mensdom daal Hy as dienskneg neer. So lief het God die wêreld, Hy gee vir ons Sy Seun – sò word Hy ons Verlosser, ons Middelaar en Steun. Wie glo in Jesus Christus, word nou sy eiendom.
Hy gee die reg tot kindskap aan diè wat glo in Hom. Juis daarom juig ons harte opnuut diè Kersfeestyd: Ons Heiland is gebore – vertel dit wêreldwyd.”

22-31 Des. Here, ons is so dankbaar vir die wonderlike belofte in Joh 3:36 “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe”
~Marie Roux~

"Hearing Loss....
Has it turned your
world upside down?"

JC VORSTER 065 816 9617

HEARING CARE

- Medical aid rates • Free screen test for Des.
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water/ sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids
- 10 Minute hearing screen awareness tests

... professional audiology services.

Goede Hoop /Spar Centre, c/o Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand

HELEN
DeWet-Krige

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140
www.helendewetkrige.co.za | helendwk30@gmail.com
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423 | HPCSA Reg. Nr STA0003727

JER. 17:7-8.

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel. Die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is;
So iemand is soos'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

Gebedsbrief 8-2019 | Makwe Mission

Ons het gedurende die maand wat verby is 'n vinnige wegbreek kans gehad en so 'n paar dae saam met ander sendelinge by die Niassa meer gekuier. Ons het saam Bybelstudie gedoen, gedeel met mekaar en ook saam gebid vir mekaar. Ons was min, maar dit was tog lekker. Dankie vir diegene wat dit vir ons moontlik gemaak het om hierdie geleentheid te kon hê. Na dit is ons vir twee dae na Frits en Nickey op die plaas en het baie lekker gekuier. Ons het skape van hulle af saamgebring en ook 'n Koekoek haan. Hopelik bring dit positiewe resultate by ons. Daarvandaan het ons ons waentjie gehaak, wat in Montepuez vir ons gewag het met katoensaadkoek gelaai. Die Maandagaand het ons by Andries en Sunette oorgeslaap, waar ons laatmiddag aangekom het, en die volgende oggend daarvandaan gery om so half twaalf op Quionga aan te kom. Ons verkies om glad nie meer daardie pad tydens selfs skemer te ry nie. Op pad het ons n dorpie gesien waar die huise nog gesmeul het van die nag se aanval.

Die nuusbrief was reg voor ons vertrek, maar daar was nie tyd om dit oor te trek in die program waarmee ons uitstuur nie. Die internet by die meer was net te swak om dit op te laai en op die plaas ook nie beter nie. Daarom dat julle briewe nou so kort op mekaar ontvang. Mediese dinge

Een Vrydagaand net voor dit begin skemer raak sien ons hulle bring 'n man agter op 'n fiets by die kliniek aan. Aan die geluide toe hulle hom aflaai, kan mens hoor dat hy seer het. Ons verpleër was met vakansie en ons sien die skoonmaker nader kom en die vrou wat HIV voorligting doen. André vertel net na dit van 'n vrou wat hy in die bos gekry het die middag net na 14:00. Sy was opsoek na haar man. Hy gaan soggens vroeg uit om blare te gaan sny en is daardie tyd lankal terug by die huis. Maar nie daardie dag nie. Ongeveer driekwartier later hoor ons 'n kug in die pad af kom. Ken die stem, hy was daar by die kliniek. André sê hy hoop nie hulle verwag van iemand om nou Palma toe te ry met die man nie. Dis 'n 25km wat mens nie deesdae in die donker doen nie. Die ambulans doen dit nie eers bedags sonder militêre begeleiding nie! Die besoeker vertel die man het die oggend in 'n watergat getrap en kon homself aan gras uitsleep, maar kon nie verder nie. Sy knie het seergekry en hulle soek net balsem! Anna-Marie het toe maar 'n vriendin gebel om te hoor hoe en wat en sy het verduidelik waarvoor om te kyk en wat om te doen. Met eerstehulp spalk planke en verbande is Anna-Marie hier oor die pad. Daar aangekom tref sy die vroedvrou aan. Hulle het egter vasgesteek by hulle het nie gips nie en kan dus niks verder doen nie. Vasgestel dat die been nie gebreek is nie, het Anna-Marie hom ingesmeer en verbind. Hy het darem 'n paar handevol pille gekry om hom deur die nag te help. Hulle het hom aangesê om Palma toe te gaan, die volgende dag, na die hospitaal daar.

Hierdie afgelope maand het weer sy kwota siekes en gewondes gehad Daar was 'n paar kinders met brandwonde. Die snaakste van hulle was die kind wie se boude tot by sy rektum gebrand was. Ja, ek hoor julle. Hoe gebeur dit? Hoe op aarde is dit moontlik? Het die kind in die pap pot gaan sit? Dit het darem mooi reggekom, nadat die ma hier weg is met 'n pot salf, want hulle bly op die eiland. Sy moes na ons terugkeer weer kom wys hoe die kind lyk. Hy het mooi gesond geraak, en daar is slegs een kolletjie wat nog rofies op het. Die ander was 'n jongman wat deur die water gestap het. 'n Stok het dwarsdeur sy skoen gesteek en sy voet oopgesny. Hy is hier weg met die nodige dinge om die voet te versorg en ook pynpille, want dit was die dag voor ons hiervandaan vertrek het. Ons het hom nog nie weer onder oë gehad nie. Bly maak storie

Anabela is die vrou van een van die onderwysers op 'n aanliggende dorpie. Hy bly hier en ry elke dag die 7km soontoe. Hy is 'n Christen volgens sy verklaring en Anabela is 'n Moslem vrou met wie hy getroud is in Pemba. So is die pad af na die waterpomp reg voor die skool se deur verby en word sy elke dag gegroet. Alexandre, die man, het ook aan die begin van die jaar hier begin kerk toe kom. Dis nou as die regering nie een of ander program op 'n Sondag het nie! Een Sondag bring hy vir Anabela saam kerk toe. Serafina het al bietjie met haar gesels en gebruik die geleentheid om die volgende week ernstiger met haar te praat. Anabela het toe 'n oorgawe gemaak en ons vertrou dat dit ernstig is. Sy kom kerk toe en ons het ook vir haar 'n Bybel gegee. Sy skakel goed in en is nie bang om te praat nie.

Simpel goed gebeur ook!

So kom André voor middagete by die kombuis in, besig om sy bril skoon te vryf. Hy is besig om met kraggereedskap by die bokhok te werk.

Anna-Marie sien in 'n oogwink iets (s)kort! "Jy sal nie glo wat nou gebeur het nie," sê hy terwyl hy sy hemp oplig om 'n merk te wys. "Iets het my nou op my maag getref en toe kan my een oog nie meer fokus nie!" Ja, want jou een brilglas is uit! gee sy die oplossing vir die raaisel. Hy het darem later weer die glas opgespoor daar in die sand.

DIRE prysverhoging: Met ingang 5 Julie, nadat dit in die Government Gazette geadverteer is, het die

prys van alle visas aansienlik verhoog. Ons eie verblyfpermitte, wat vir 5 jaar geldig is, moet volgende jaar hernu word. (vervolg op bl 10) (vervolg van bl 9) Die bedrag wat ons voorheen betaal het was 22 200mtn elk vir 'n 5 jaar permit, het nou verhoog na 62 520 per permit. Dit is rofweg die ekwivalent van R30 000 vir die twee van ons. Bid asseblief saam vir die fondse daarvoor in die komende jaar.

Sleepwa/waentjie/treiler

Ons werk waentjie wil dit voorkom het nou die einde van sy lewe bereik. Die bouprojek het regtig gemaak dat hy sy staal moes wys, maar as gevolg van die weer hier en die paaie en die werk wat hy al moes doen, het hy nou effektiewelik die einde van sy werksiklus bereik. As enigiemand dalk weet van iemand wat moontlik 'n waentjie te koop het, sal ons dit waardeer om kontak te maak. Ons heg 'n foto aan van dit waarna ons soek. Maak asseblief kontak op +27 78 348 1914. (op Whatsapp terwyl ons in Mosambiek is en bel

wanneer ons in Suid-Afrika is vanaf 13 Desember).

Ons leer die kinders dat hulle ook moet dankie sê vir hulle kos. Hulle bid mooi saam in Portugees, met handjies op die Moslem manier gehou. Die "Amina" op die einde word altyd uitgeskreeu! Hierdie dag het hulle rys gekry. Een van die kinders hou nie van rys sonder bykos nie en Anna-Marie het besluit om bietjie kaneelsuiker oor te strooi. Nou eet almal rys met kaneelsuiker. Selfs die wat aan die begin nie daarvan gehou het nie! In die een les het hulle ook geleer van verskillende plante en hoe elkeen se blare en vrugte verskil. Ons het soveel groente as wat ons gehad het saamgeneem om hulle te leer.

Daarna het ons ook vir elkeen twee blikkies gegee. Een met grond in waarin ons grenadella en tamatie saadjies gesaai het. In die ander het ons vir hulle gewys hoe boontjies in watte begin uitloop. Die een kind s'n het lank uitgeloop en hy was baie opgewonde. Toe ons na die naweek daar kom het die rot (of iets) die boontjierank afgevreet en ook die ander plantjies wat al reeds in van die ander blikkies ontkiem het. Ons het hulle toe maar hier na ons huis toe geskuif en die onderwysers gemaan om mooi daarna te kyk. Wel die boontjies het toe nou nie so goed gevaar nie. Die ander kom mooi op en die kinders kan dit dan huis toe neem om daar te gaan plant. Serafina vertel dat sy een van die pa's by die mark kry. Sy weet nie watter kind se pa dit was nie. Hy is baie opgewonde oor wat sy kind by die skool leer. Hy het nie geweet die kind sou so goed leer nie.. Hy kom by die huis en vertel van die vokale en sê vir sy pa hulle is A E I O U en tel ook. Dit maak mens so dankbaar as jy sulke dinge hoor. 'n Ander ouer het sy een kind wat in graad 2 is vergelyk met die een wat by ons in die skool is. Hy vertel van die een in graad 2 wat ver agter is by die jonger een. Ons herinner julle graag weer aan ons behoefte aan 'n telefoon en SD kaarte soos genoem in die vorige brief.

Gebedsversoeke:

- Bid saam vir Anabela.
- Bid saam vir die kinders by die skool. Slegs 'n paar weke van skool oor.
- Bid saam vir die bouery. Ons het steeds nie die dokument in die hand nie, want die vrou wat daarmee werk was die laaste 45 dae net met die verkiesingsveldtog besig.
- Vir ons verblyf permitte - fondse.
- Vir 'n waentjie.

Danksegging:

- Vir Anabela wat 'n oorgawe gemaak het.
- Vir kinders wat potensiaal wys by die kleuterskool. Ons het 5 wat klaarmaak en gr.1 toe moet gaan.

Kontak:

Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique
Epos: thiartaa@gmail.com
FB: Makwe Mission http://www.facebook.com/#!/MakweMission
Webblad: https://www.mission4x4.co.za/MakweMission
Celnr SA: +78 348 1914 + Whatsapp

KINDERBLAD

VRA VIR MAMMA OF PAPPA OM JOU TE HELP MET HIERDIE LEKKER KUNSWERKIE VIR JUL KERSBOOM♫

Kersfees foto ornament om op die boom te hang



Versier eers die prentjie. Knip nou die 2 prentjies uit. Dan knip jy die gaatjie baie versigtig uit. Plaas nou jou foto tussen die 2 prentjies en gom dan vas aan mekaar. Druk 'n gaaitjie waar die swart kol is en heg lintjie.

KERSFEES BLOKKIESRAAISEL



AF:

1.	Wyse manne uit die Ooste het in 'n ___ voor Jesus gekniel en geskenke gebring. Mat 2	7.	Waar het die Herders Jesus gevind?
2.	Die een van Wie gepraat word in Mark. 1:1-2 (wat die pad moes voorberei vir die Verlosser	8.	Dié profetes wat gewag het op die verlossing van Jerusalem. Luk 2:25-40
3.	Jesaja 7:14 verwys na Jesus se geboorte. Wat sou Sy ma Hom noem vlg. die vers?	11.	Hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Luk. 2:25-28
4.	Wie het eerste die goeie nuus gehoor van Jesus se geboorte?	15.	Johannes die Doper se ma.
9.	Maria se man.	16.	Johannes die Doper se pa.
10.	Hoekom was Maria se swangerskap so besonders?	17.	Die skaapwagters sou die Verlosser vind in die stad van ___
12.	Hoe het Maria swanger geraak?	18.	Hulle het die geboorte van die Verlosser aangekondig.
13.	Miga 5:1 : " Maar jy, _____-Efrata, jy is klein onder die families in Juda...	19.	Wie of wat het die besoekers uit die vreemde gelei na Jesus toe? 'n ____.
14.	Een van die name vir Jesus (Jes. 9:5).	20.	Die besoekers het daarvandaan gekom.
21.	Jesus sou genoem word die ___ van die Jode.	22.	Uit watter stam was Josef?
23.	Deur Jesus kan ons die ___ hê.	24.	Die ____ het by die koning gaan uitvind waar die toekomstige Koning gebore is.
DWARS:		25.	Jesus was ongeveer ____ toe die besoekers Hom hulde gebring het.
2.	Vir die Christen gaan Kersfees oor Sy geboorte.	26.	Hy was die koning van die land.
5.	Die skaapwagters het die nag van Jesus se geboorte 'n Engele ___ gehoor.	27	Waarheen moes Josef met Jesus en sy ma vlug?
6.	Maria het op een gery op pad na Betlehem.		

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za

savills An International Associate of Savills

PAM GOLDING PROPERTIES